

## Brief aan alle Skoolbeheerliggame

### Die verantwoordelikheid van 'n Beheerliggaam

Die Thinking Tools benadering posisioneer u die skool om hoër standaarde te bereik en word leerders op 'n trajek vir lewenslange sukses geplaas. Net onderwysers kan dit moontlik maak en daarom is hulle die skool se belangrikste bate. Hul wyse van dink en die kwaliteit van hul onderrig definieer die skool. Vanuit dié perspektief is die vraag van 'n beheerliggaam nie 'kan ons dit bekostig om hulle op te lei nie', maar eerder: "Kan ons dit bekostig om nie in hul opleiding en ontwikkeling te belê nie?"

### Wat behels die Thinking Tools strategie?

Ons besef dat die swakste skakel vir 'n skool om tussen ander skole uit te staan as 'n sentrum van uitnemendheid, die leerders se vermoë is om effektief te leer. Die sleutel tot hierdie uitdaging lê in die bemagtiging van onderwysers. Deur onderwysers toe te rus met die kundigheid om leerders doelgerig en effektief te laat leer is die enigste manier om deur die kurrikulum te kom en om leerders beter te laat presteer leer.

### Wat is die voordele?

#### Vir Onderwysers

- **Effektiwiteit versus insette:** Thinking Tools rus opvoeders toe met strategieë om slimmer en nie harder, te onderrig nie. Dit lei tot 'n personeelkorps met hoë moraal wat die werklike impak van hul werk kan sien, gemeet aan leerders se verbeterde leer prestasies.
- **Proaktiewe versus 'n reaktiewe benadering:** Hierdie benadering stel onderwysers in staat om probleme reg te stel voor die eksamen, eerder as daarna, wanneer dit te laat is.

#### Vir Leerders

- **Dieper insigte en vinniger leer:** Leerders ontwikkel leervaardighede wat hulle in staat stel om vinniger te leer, beter punte te verwerf wat 'n positiewe invloed het op motivering, veerkragtigheid en emosionele intelligensie. Leerders word kritiese denkers en probleemoplossers.
- **Ontwikkeling van breinbane:** Elke leerervaring skep nuwe lae neurale verbindings wat by vorige leer aansluit en 'n basis skep vir toekomstige leer. Dit word genoem die miëlinering van neurale bane. Hierdie proses speel 'n belangrike rol in neuroplastisiteit, wat die brein se vermoë is om inligting te herorganiseer en nuwe leerervaringe aan te pak.
- Die resultaat is opwaartse leer-spirale: Hierdie opwaartse spiraal vervang die herhalende horisontale lae van gememoriseerde inligting. Die opwaartse spiraal stel leerders in staat om voortdurend nuwe strategieë te ontwikkel wat kreatiwiteit en probleemoplossingsvaardighede bevorder.

#### Vir die Skool

**Leierskap in die skoolgemeenskap:** Die skool bou 'n reputasie van innovasie en berei leerders voor vir 'n vinnig veranderende wêreld en die skool word gekenmerk as 'n sentrum van uitnemendheid.

#### **Die Thinking Tools-skoolkonsep:**

Om die sukses van u skool verder te ontwikkel, is die "Thinking Tools School"-konsep ontwikkel, wat ouers as vennote in opvoeding betrek om voordeel trek uit die ervaring van die Thinking Tools Spesialis-onderwysspan.

Oor die afgelope twee jaar het ons Thinking Tools-kursusse vir leerders van Graad 4 tot 12 aangebied. Hierdie kursusse sluit vier wiskunde Thinking Tools-klasse per maand in, wat opgeneem word vir toekomstige gebruik. Elke graad het dus toegang tot 'n minimum van 40 x 1-uur klasse ter waarde van R12 000, plus dieselfde aantal klasse van die vorige graad, wat die totale waarde tot R24 000 bring, beskikbaar teen 'n intekening van slegs R97,50 per maand.

Wanneer dit gekombineer word met die opsie van 'n gratis internskap vir wiskunde-onderwysers onder leiding van spesialiswiskunde-onderwysers, is daar geen perke aan die skool se potensiaal om 'n wêreldklas sentrum van uitnemendheid te word nie.

Tans neem die Amerikaanse en ander lande wat STEM (Science, Technology, Engineering and Mathematics) as kurrikulum gebruik kennis van die Brein-Gebaseerde leer insigte in Suid-Afrika

Vriendelike groete,

Dr. Cas Olivier (0832592857)

COO, Marvelous Minds Pty (Ltd)